# MAAK 'N BLYWENDE IMPAK



Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe



# ’N BLYWENDE IMPAK DEUR OPVOEDING



**By die Universiteit Stellenbosch (US) is dit ons visie om 'n toonaangewende, inklusiewe instelling in diens van die samelewing te wees – om 'n toekoms te skep wat veel wyer as ons eie generasie strek. Dit is moontlik danksy vooruitdenkende individue wat besluit het om in môre te belê deur 'n skenking in hulle testament te maak.**

Erflatingskenking is 'n onderneming wat 'n diep vertroue en geloof in die transformerende krag van hoër opvoeding weerspieël. Dit help ons om baanbrekersnavorsing te dryf, talentvolle studente te ondersteun, en te verseker dat die kennis wat die US skep 'n werklike verskil in mense se lewens maak. Die saadjies wat vandag met hierdie ruimhartige ondernemings gesaai word, kan tot ontdekkings en geleenthede aangroei wat ons gemeenskappe en ons land dekades lank vorm.

Aan almal wat reeds besluit het om so 'n nalatenskap by ons te bou: Baie dankie! Julle visie en ruimhartigheid help ons om 'n universiteit te skep wat nie alleen uitnemendheid nastreef nie, maar ook betekenisvol tot ons gedeelde wêreld bydra.

***Saam kan ons 'n nalatenskap van kennis, innovasie, en hoop bou.***



**PROF DERESH RAMJUGERNATH**
*Rektor en Visekanselier*
*Universiteit Stellenbosch*





# ’n Erflating is meer as ’n geskenk – **dis ’n belofte vir die toekoms**

Met jou besluit om die Universiteit Stellenbosch as ’n begunstigde in jou testament te benoem skep jy hoop. Jou ruimhartigheid bied toegang tot hoër opvoeding, koester potensiaal, en dryf die navorsing wat gemeenskappe verander. Dit is ’n kragtige manier om te sê: Ek glo in die volgende generasie se vermoë. Die US Erflatersgilde is ’n gemeenskap van omgee-individue wat besef dat selfs die kleinste skenking tot ongeëwenaarde verandering kan lei.



**HUGO STEYN**
*Adjunkdirekteur: Vername skenkings*
*Universiteit Stellenbosch*

# BELÊ IN TOEKOMSTIGE GENERASIES

Lede van die US Erflatersgilde gesels hier oor die inspirasie agter hulle skenkings en die toekoms wat hulle graag wil help bou.







'n Behoefte om in die volgende geslag te belê, vertroue in die Universiteit Stellenbosch se vermoë om jongmense wat reeds op skoolvlak uitgeblink het te ontwikkel, en positiewe herinneringe aan haar eie studentedae op Maties het **Renette Rheeder** aangespoor om 'n erflating aan die US te maak.

Dit sal gebruik word as 'n beursfonds vir studente wat in rekeningkunde wil studeer.

Renette, wat haar BRek-graad in 1994 en haar BRek-honneursgraad in 1995 aan die US verwerf het, wil op dié manier help om 'n oplossing te vind vir die dringende tekort aan gekwalifiseerde rekenmeesters in Suid-Afrika.

"Ons land het wonderlik talentvolle jongmense wat weens omstandighede dalk nie die finansiële vermoë het om hul ideale en potensiaal te verwesenlik nie. Ek sou graag sulke persone help om hul drome na te jaag."

Renette ken die paadjie wat 'n student moet stap om as 'n geoktrooieerde rekenmeester te kan kwalifiseer. Sy het self die raadseksamen in 1996 afgelê om haar GR(SA)-kwalifikasie te verwerf en het haar klerkskap by Deloitte & Touche (nou Deloitte) voltooi.

"In daardie jare het mense graag vir twee jaar in die Verenigde Koninkryk (VK) gaan woon en werk, ek het dit ook gedoen. Met my terugkeer van die VK af het ek by Old Mutual aangesluit en vir 22 wonderlike jare verskeie rolle daar beklee tot ek in 2022 weg is by die groep. Tans werk ek vir myself en doen konsultantwerk op die gebied van besigheid- en finansiële strategie, en nie-uitvoerende direkteurskap."

Renette het nie self kinders nie en is dankbaar vir hierdie geleentheid om in die volgende geslag te belê. Sy beplan om die restant van haar boedel ná spesifieke erflatings aan familielede aan die US te bemaak. Renette meen hierdie belegging kan generasies lank dividende oplewer wanneer die studente wat daaruit voordeel trek, uiteindelik 'n positiewe bydrae tot die breër gemeenskap lewer.

Haar boodskap aan beursontvangers is: "Gryp die geleentheid aan en maak die beste daarvan. Gaan voluit om jou volle potensiaal te verwesenlik en kyk uit vir geleenthede om in die toekoms iemand anders te help."

Sy sou ander potensiële skenkers aanmoedig om 'n erflating aan die US te maak.

***"Die geskenk van opvoeding is onmeetbaar en sal aanhou om positiewe opbrengste te lewer lank nadat ons nie meer hier is nie."***





Aangedryf deur haar betrokkenheid by die omgewing het **Clarissa Hughes** besluit om 'n skenking in haar testament na te laat vir klimaatstudies aan die US. Sy bevestig die rede hiervoor en sê:

***"Ek wil Afrika se mense bemagtig om wêreldleiers te wees in die bewaring van biodiversiteit en die bekamping van die gevolge van klimaatsverandering. Die mensdom maak staat daarop."***

**Louis Simon, Erflatersgilde-lid,** glo in die transformerende krag van opvoeding. Deur die US as 'n begunstigde in sy testament te benoem wil hy 'n blywende bydrae maak. Hy verduidelik: "Ek hoop dat my skenking meer mense deur opvoeding sal bemagtig en tot 'n sterker en meer verenigde Suid-Afrika sal bydra."







As trotse BSc-graduandi en ondersteuners van die Universiteit Stellenbosch het **Andrew en Mercia le Roux** besluit om in die toekoms te belê, nie alleen deur hulle jaarlikse skenkings nie, maar ook deur 'n erflating in hulle testament. Hier verduidelik hulle hul steun aan een spesifieke inisiatief:

***"Stellenbosch bied vele invloedryke inisiatiewe wat 'n mens kan steun, maar as BSc Matie-graduandi is ons versot op SciMathUS, en dit is waarheen ons bydraes meestal deur die jare gegaan het. SciMathUS is 'n oorbruggingskursus wat matrikulante help om hulle punte (drasties) te verbeter, meer tegniese graadprogramme te volg, en terselfdertyd verskeie persoonlike en lewensvaardighede aan te leer. Deur ons skenkings kry talentvolle jongmense die kans om uit te styg bo aanvanklike uitdagings wat hulle dalk kon hê en so na 'n invloedryke en vervullende lewe uit te sien."***




# LEWENS-VERANDEREND

Vir die begunstigdes beteken erflatings meer as finansiële steun – dit bied motiveringskrag, stof tot dankbaarheid, en die hoop om eendag te kan terugploeg.






As die oudste van 'n gesin met drie kinders op universiteit was **Wilmaré Rose Pedro**, 'n regstudent in haar finale jaar, oorstelp van dankbaarheid toe die GA Kuhn-beurs aan haar toegeken is. Dié beurs is moontlik gemaak deur 'n erflating aan die Universiteit Stellenbosch.

Wilmaré, wat in 2018 aan York High in George gematrikuleer het, het in 2021 'n BA-graad verwerf en in 2022 haar LLB-graad aangepak.

Sy beskryf haarself as 'n weetgierige kind wie se nuuskierigheid verder gestrek het as om net die wêreld rondom haar te verstaan. Sy het ook gewonder waarom stelsels misluk en mense wette oortree, veral mense in gesagsposisies. Steinhoff se ineenstorting in 2018, wat blootgelê het hoe diep nalatigheid in instellings loop, en die verkragting en moord op die UK-student Uyinene Mrwetyana in 2019, het haar voorneme versterk om in die regte te studeer ná sy haar voorgraadse kwalifikasie voltooi het.

Wilmaré glo dat toegankliker regspleging vir almal een manier is om sosiale ongeregtighede aan te pak en dat behoorlike korporatiewe toesig tot die welstand van die samelewing in die algemeen kan lei.

"Na my mening kan regspraak werklik dinge verander. Dit kan mense beskerm, maar ook mense en organisasies verantwoordbaar hou en beleid vir almal se beswil verander."

Haar onmiddellike doelwit is om haar leerkontrak te voltooi, terwyl sy ook 'n meestersgraad oorweeg, verkieslik oorsee.

"Ek stel belang in eiendom-, korporatiewe, gesondheid- en maritieme reg, en my ideaal is om verandering teweeg te bring, ongeag op watter gebied."

Wilmaré se voorgraadse studie aan die US is betaal deur studiepolisse wat haar ouers, al twee onderwysers, uitgeneem het. Hulle onderhou tans drie kinders op universiteit, met Wilmaré se broers wat al twee medies studeer.

"Noudat ek ouer is, besef ek watter opofferings my ouers gemaak het. Ek en my broers studeer al drie vir 'n loopbaan wat nie vir ons ouers beskore was nie. Hierdie bewustheid het my laat besef hoe bevoorreg ek is, en die verantwoordelikhede wat daarmee saamgaan."

Die GA Kuhn-beurs het die finansiële las in haar voorlaaste en finale studiejaar verlig en was 'n veiligheidnet sodat sy haar op haar studie kon toespits.

Sy waardeer dit dat daar inisiatiewe en beurse bestaan wat mense se lewe verander en hulle in staat stel om dieselfde vir ander te doen. Wilmaré glo die groter samelewing word bevoordeel wanneer begunstigdes die vaardighede wat hulle deur hul graad verwerf het, gebruik om in die gemeenskap terug te ploeg.

***"Ek dink dis fantasties dat daar mense is wat jou op jou reis wil bystaan," sê sy.***



# 'Dit voel asof daar nog iemand is wat jou raaksien en in jou glo ...'



Toegang tot opvoeding is een van die grootste geskenke wat een persoon aan 'n ander kan gee. Daarvan kan **Madelein Barnard**, 'n mediese student in haar sesde en finale jaar aan die Universiteit Stellenbosch, en in 2024 die ontvanger van die Sheila Brand Opvoedingstrust-beurs, uit ervaring getuig.

Dit is aan dié beurs te danke dat die finansiële las van haar studie in haar laaste twee studiejare van haar en haar gesin se skouers gelig is.

Madelein, wat in 'n enkelouerhuishouding grootgeword het en aan die Hoërskool Bellville gematrikuleer het, het van jongs af geweet sy wil medies studeer.

"My ma is 'n fisioterapeut by 'n skool vir kinders met fisieke gestremdhede en twee van my tannies is verpleegkundiges. Ek wou nog altyd mense sò help," vertel sy.

Om hulle studie te kon bekostig moes Madelein en haar suster – wat ook tans aan die US studeer – vir studielenings aansoek doen. Die studieskuld van haar eerste vier jaar moet terugbetaal word sodra sy begin werk, maar deur die beurs wat sy ontvang het, is die skuldlas minder as wat dit sou wees indien sy studielenings vir twee bykomende jare sou aangaan.

Madelein is baie dankbaar teenoor mense wat besluit om in die volgende geslag te belê deur 'n erflating aan die US te maak.

"Dis 'n groot voorreg om een van hierdie beurse te ontvang. Dit voel asof daar nog iemand is wat jou raaksien en in jou glo, en dit bied ekstra motivering om sukses te behaal."

Sy glo hierdie beurse kan 'n groot impak op die Suid-Afrikaanse samelewing hê, veral wanneer die begunstigdes hul kennis in die gemeenskap terugploeg.

Madelein is nog nie seker of sy wil spesialiseer nie en sal eers ná haar gemeenskap- en internskapjaar 'n besluit neem, hoewel sy veral belangstel in pediatrie. Sy weet egter sy is in die regte veld vir haar.

"Jy sien mense wanneer hulle die swaarste kry – op die moeilikste tyd vir hulle en hul gesinne. Mense is baie weerloos in die hospitaal en vertrou jou met baie persoonlike inligting, wat hulle glo jy sal gebruik om hulle beter te laat word. Dis baie om te verwerk, veral as 'n mens nog jonk is. Maar dit maak ook van jou 'n beter mens om die volgende persoon te kan help."

# Jou belastingverligting

Tans word boedelbelasting teen 'n koers van 20% gehef op bates wat met jou afsterwe R3,5 miljoen oorskry.

Een manier om jou boedelbelasting-aanspreeklikheid te verminder is om 'n erflating aan jou alma mater te maak. Hierdie tipe liefdadigheidskenkings word afgetrek van die waarde van die boedel voordat boedelbelasting bereken word.

Onthou asseblief om jou testament gereeld by te werk om met veranderings in jou persoonlike lewe en met wetgewing tred te hou.



## Is jy gereed om 'n blywende impak te hê?

1. **Besluit hoe jy graag wil hê die US by jou testament of trust gebaat moet word.**
2. **Kontak die US (Hugo Steyn, hugos@sun.ac.za) en dui aan hoe jou wense die beste eerbiedig kan word.**
3. **Finaliseer jou erflating: Versoek voorgestelde bewoording vir jou testament (of vra ons om jou bestaande klousule te hersien).**
4. **Sluit die klousule by jou testament in.**
5. **Onderteken jou testament volgens die wetlike vereistes.**
6. **Bevestig jou erflating per e-pos of stuur 'n afskrif van die klousule uit jou ondertekende testament vir ons aan.**

Sodra dit bevestig is, word jy erken as 'n lid van die US Erflatersgilde, 'n visionêre groep alumni en vriende wat, soos jy, die versiende en weldeurdagte besluit geneem het om 'n verskil by die Universiteit Stellenbosch te maak.

# Jou erflating, jou besluit

Jou lidmaatskap plaas jou onder geen verpligting nie en enige inligting wat jy met ons deel word streng vertroulik hanteer. Wanneer jy ons van jou voorneme bewus maak, kan ons meer effektief vir die toekoms beplan – sodat ons jou nalatenskap op die beste manier moontlik kan eerbiedig.

# Voorbeelde van erflatings aan die Universiteit Stellenbosch

Jou erflating aan die Universiteit Stellenbosch sal ons in staat stel om 'n tersiêre instelling van internasionale gehalte te bly tot voordeel van alle Suid-Afrikaners.

'n Erflating kan ongebonde of een met spesiale voorwaardes wees. Jy kan byvoorbeeld 'n spesifieke bedrag geld of 'n persentasie van jou boedel, vaste eiendom, aandele, kunswerke, boeke of die opbrengs van 'n lewenspolis aan die Universiteit nalaat.

Om voorsiening te maak vir inflasie, kan jy ook 'n erflating maak volgens 'n persentasie van jou boedel, eerder as om 'n bepaalde bedrag te spesifiseer.

Hier volg 'n aantal voorbeelde wat jy kan gebruik indien jy 'n nuwe testament maak of 'n kodisil tot jou bestaande testament wil byvoeg.

**ONGEBODE**

**KANKERNAVORSING**

**NAVORSING**

**BEURSE**

**LEERSTOEL**

**BOEKE / KUNSWERKE / AANDELE / EFFEKTE**

**LEWENSVERSEKERINGSPOLIS**

**KODISIL**

**LAAI TEKSVOORBEELDE AF OM BY JOU TESTAMENT TE VOEG >>**

**VIR VERDERE INLIGTING OOR HOE OM 'N BEMAKING OP TE STEL, SKAKEL GERUS MET:**

Hugo Steyn | Adjunkdirekteur: Vername Skenkings
Ontwikkeling & Alumnibetrekkinge
hugos@sun.ac.za
+27 21 808 3615 | +27 86 522 9661

Universiteit Stellenbosch
Privaatsak X1
Stellenbosch
7599

Fotografie: Stefan Els & Henk Oets

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe